## 22 Mei - HOEKSTEEN

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:4-5**

Dit is merkwaardig hoeveel keer daar in die Bybel verwys word na 'n hoekklip (hoeksteen). Hierdie beeld word keer op keer in die Bybel gebruik en verwys elke keer na Jesus Christus as die hoekklip van die kerk. Maar wat maak 'n hoekklip so belangrik?

Die gebruik onder die bouers in die Bybelse tyd was om 'n bykans perfekte hoekklip uit te soek. Hierdie steen was die belangrikste. Dit het die hele gebou se struktuur bepaal. Al die ander stene is rondom hierdie een steen gebou. Indien die hoekklip nie perfek is nie, is daar 'n groot moontlikheid dat die gebou uit verhouding, of dalk skeef en nie haaks sal wees nie. Om die belangrikheid van die hoekklip te beklemtoon, het hulle 'n replika van die hoekklip in die muur ingebou waar almal dit kan sien. Op hierdie replika is dan gewoonlik die naam van die beplanner en die datum wanneer die konstruksie gebou is, geskryf.

Net soos die gebou op hierdie hoekklip gebou is, word die hele kerk ook op ons Here Jesus Christus gebou.

In ons teksverse kan ons twee aksies duidelik raaksien. Die eerste is dat ons na die Here, die lewende hoekklip, toe moet gaan. Ons moet daagliks met Hom gemeenskap hê, Hom aanbid en sy Woord daagliks bestudeer. Die tweede aksie is dat ons ons moet laat opbou soos lewende stene.

Ons Here Jesus Christus bou sy kerk op. Hy versterk sy kerk, regeer oor sy kerk en bring sy kerk bymekaar. Wees daarom gewillig en getrou sodat Hy u in die kerk kan gebruik en so sy kerk kan opbou. Wees gewillig en leer God ken. Laat Hy u versterk deur sy Woord. Wees altyd verseker dat God u sal lei in tye van nood.

*Sing: Skrifberyming 11-2:1-4* — *Teol. Student Dirk de Bruyn*